# DIE VERSKAFFING VAN VAKKUNDIGE INLIGTING VIR UITSTALLINGS IN DIE *HOSPITAAL, KEUKEN EN PROVIAND KASEMATTE* BY FORT KLAPPERKOP, PRETORIA

**Vir:**

**STADSRAAD VAN PRETORIA**
Posbus 40925
ARCADIA
0007

Opname gedoen en verslag voorberei deur:

**NASIONALE KULTUURHISTORIESE MUSEUM**
Posbus 28088
SUNNYSIDE
0132

Telefoon: (012) 341 1320
Faks: (012) 341 6146

VERSLAG: 97KH13
(DEEL 2)

Datum van opname: Oktober 1997

Datum van verslag: Februarie 1998

NASIONALE KULTUURHISTORIESE MUSEUM
NATIONAL CULTURAL HISTORY MUSEUM

## OPSOMMING

**Die verskaffing van vakkundige inligting vir uitstallings in die *Hospitaal, Keuken en Proviand kasematte* by Fort Klapperkop, Pretoria**

Historiese dokumentasie oor die *Hospitaalkasemat* tydens die besetting van die Staatartillerie (1897-1900) en die Britse leër (1900-1902) kon nie verkry word nie. 'n Gekombineerde uitstalling van mediese voorwerpe soos deur navorsing vasgestel is en 'n ander onderwerpe soos Onderwys, word aanbeveel.

Inligting oor die *Keuken* en die *Proviand kasematte* uit 'n sekere tydperk is verkry. Daar word aanbeveel dat 'n gekombineerde uitstalling oor die navorsingsresultate van die twee *kasematte* gemaak word. 'n Uitstalling oor die Argeologiese navorsing by Fort Daspoortrand voltooi, word ook aanbeveel.

Historiese navorsing by die *Stal* en *Machine kasematte* word verder aanbeveel en argeologiese opgrawings op die terrein moet ook oorweeg word.

**The providing of professional information for exhibitions at the *Hositaal, Keuken and Proviand kasematte* at Fort Klapperkop, Pretoria**

Historical information for the *Hospitaalkasemat* during the occupation of the State Artillery (1897-1900) and the British Army (1900-1902) could not be found. A combined exhibition of medical objects, as found by research, and other themes, like Education are recommended.

Information for *Keuken* and the *Proviand kasematte* of a certian period are being found. A combined exhibition, of the research results for the two *kasematte,* are recommended. An exhibition on the already completed Archaeological research at Fort Daspoortrand are also recommended.

Historical research on the *Stal* and *Machine kasematte* are also recommended and archaeological excavations on the terrain must also be considered.

**INHOUDSOPGAWE**

OPSOMMING/SUMMARY . . . . .......... i

INHOUDSOPGAWE . . . . .......... ii

1.OPDRAG .......... 1

2. BEPERKINGS.......... 1

3. WERKSWYSE.......... 2

4. HISTORIESE AGTERGROND .......... 3

5. BESPREKING.......... 16

6. ALGEMENE AANBEVELINGS.......... 19

7. UITSTALLINGTEMAS .......... 20

8. BRONNE .......... 21

BYLAAG A .......... 24

BYLAAG B .......... 25

**DIE VERSKAFFING VAN VAKKUNDIGE INLIGTING VIR UITSTALLINGS IN DIE *HOSPITAAL, KEUKEN EN PROVIANDKASEMATTE* BY FORT KLAPPERKOP, PRETORIA**

## 1.OPDRAG

Om navorsing vir uitstalings in vier vertrekke van Fort Klapperkop, naamlik *Hospitaal* (hospitaalvertrek), *Keuken* (kombuisvertrek), *Proviand* (voorradevertrek) en *Ammunitie*(ammunisievertrek) (reeds in Deel 1 van Verslag 97KH13 behandel) te verskaf. Navorsing vir die *Proviandkasemat* moet spesifiek op uniforms gemik wees.

Die uitstalling fokus op die periode 1896/7 met die destydse beplanning en oprigting van Fort Klapperkop en die Anglo-Boereoorlog tydperk (1899-1902) met inbegrip van die periode voor 5 Junie 1900 hoofsaaklik met die vestiging van die Staatsartillerie aan die Fort en die tydperk daarna met die besetting van die Britse magte tot met die beeïndiging van die oorlog op 31 Mei 1902.

Die oorspronklike funksie van 'n vertrek sal waar moontlik die tema van die uitstallings bepaal. So sal die *Ammunitiekasemat* oor die wapentuig en ammunisie wat tydens die verblyf van die Staatsartillerie en die Britse magte in die Fort was, handel.

'n Gebrek aan dokumentêre inligting sal aan die hand van ander wetenskaplike metodes soos opgrawings en blootlegging geverifieer word.

Die navorsing vir die uitstallings moet die eerste afgehandel word.

## 2.BEPERKINGS

Die bewarings, konserverings, restourasie en uitstallings beleide van die gebou en terrein is nie voorsien nie. Die gebrek aan insae in byvoorbeeld die restourasiebeleid sal 'n invloed op die verdere beplanning van uitstallings meebring.

Navorsing is sonder inagneming van enige beperkings en voorwaardes gedoen.

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Argief se argiefgroepe wat oor inkomende en uitgaande militêre korrespondensie handel is nie georden en dus nie nagegaan nie. Sou daar enige bykomende inligting op 'n latere stadium verkry word, kan dit by die bestaande resultate gevoeg word.

Navorsing is tot vooraf bepaalde argiefgroepe wat georden is, afgebaken om so vinnig as moontlik en so veel moontlik tyd te bespaar. Ongeordende argiefgroepe kan ook inligting bevat. Sou dit in 'n latere fase verkry word, sal dit bygevoeg word.

'n Toekomstige "prosedure handleiding" vir die verloop tot met die finale produk van 'n uitstalling met tydskedules, rolspelers en fase indeling is nie geïdentifiseer nie.

Waar geen dokumentasie oor Fort Klapperkop verkry kon word nie, is dokumentasie oor die ander forte soos die Johannesburg Fort en die Militêre Kaserne nagegaan.

## 3.WERKSWYSE

Primêre argivale en 'n sekondêre literêre navorsing is gedoen. (Sien bronne)

Die Nasionale Argiefbewaarplek in Pretoria is besoek en die volgende argiewe is deur middel van 'n rekenaarondersoek vir navorsing geïdentifiseer. Die fotoversameling is deur middel van die kaartstelsel deurgewerk. Die Kommandant-generaal argiefgroep (KG) wat oor militêre aangeleenthede handel, die Publieke Werke Departement (PWD) het lig oor aspekte van boubedrywighede by die forte bevat. Enkele stukke oor aanstellings, die goedkeuring van geldbedrae en die aanlê van die waterleidings na die forte is in die Staatsekretaris argiefgroep (SS) gevind.

Die dokumentasie en fotoversameling van Nasionale Kultuurhistoriese Museum het heelwat lig op die uniforms van die Staatsartillerie gewerp en het in baie gevalle as kruisverwysing vir geskrewe bronne gedien.

Daar is op navorsing wat 'n direkte verband op Fort Klapperkop of die ander forte het, gekonsentreer. Is geen inligting in die bronne wat nagegaan verkry nie, soos byvoorbeeld by die *Hospitaalkasemat* is navorsing oor persone wat hier 'n rol gespeel het, nagegaan.

Die resultate hierin vervat dien as 'n vertrekpunt vir die uitstallings en moet as eerste fase van die navorsing gesien word.

## 4.HISTORIESE AGTERGROND

### Hospitaalkasemat

Die tydperk 1896-1900

Voor 1896 het die Staatsartillerie nie oor 'n eie dokter beskik nie en het die distriksgeneesheer, wat in 1894 dokter Mader was, by die Artilleriste opgetree.[1] Op 1 Augustus 1896 word dokter TL Laxton van Engeland as offisier van die Gesondheidsafdeling by die Staatsartillerie aangestel.[2] In Julie 1896 word vermeld dat hy ook die Atrillerie se perde behandel het, waarvoor hy, baie verontwaardig, geen vergoeding ontvang het nie.[3] Dr Laxton was vir tydperke saam op kommando[4] en sou ernstige gevalle opduik, is hy ontbied. Dit het ook vir gevalle by die forte gedien. Reeds in 1895 voor die aanstelling van dr Laxton as geneesheer by die Staatsartillerie, is so 'n werkswyse gevolg. Op 19 Februarie 1895 word dr Laxton na Fort Oscar naby Haenertsburg vir 'n geval ontbied.[5] Die siekes en gewondes wat hy nie daar kon behandel nie, is per draagbaar na die naaste hospitaal geneem.[6] Siekes in Pretoria wat nie by een van die forte behandel kon word nie, is vanaf September 1899 na die Volkshospitaal by die *Staatsmeisieschool*, wat die Regering aan die Rooikruis oorgedra het, gestuur.[7]

Uitrusting vir die Ambulanswa wat dr Laxton na die slagveld geneem het, het hy van *Loewenstein & Co*[8] en *Transvaal Chemical Works* verkry.[9] Die Rooikruis[10] is ook om voorrade in Julie 1896

---

[1] D.J. Haupt, Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse Republiek (Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria), p. 21.

[2] TAB, Staatsekretaris (SS) 299, R 10408/96.

[3] TAB, SS, 300, R 9221/96.

[4] D.J. Haupt, Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse Republiek (Ongepubliseerde MA-verhandeling, UP), p. 21.

[5] TAB, KG 90, CR 981/95.

[6] TAB, KG 120, CR 2058/95.

[7] C de W van Velden, Pretoria en die Tweede Vryheidsoorlog 11 Oktober 1899-5 Junie1900 (Ongepubliseerde MA-verhandeling, UP), p. 5.

[8] TAB, KG 203, CR 6418/96.

[9] TAB, KG 306, CR 4334/98.

gevra.[11] Volgens die Konfensie van Genève wat op 22 Augustus 1864 opgestel is, kon geen mediese ambulans of korps weier om diens te lewer en voorrade te verskaf aan sogenaamde vyande nie. So byvoorbeeld het 'n Boere dokter 'n Britse kamp om medisyne en klere genader waarna die Britse dokter saam met hom na die Boerelaer gegaan het om hulp te verleen.[12] Volgens Artikel Vier van dieselfde Konfensie moes alle materiaal wat vir 'n pasiënt gebruik is, met uitsondering van sy persoonlike besittings, na sy herstel terugbesorg word.

Volgens 'n verslag van die Nederlandse Rooikruisambulans tussen 6 Februarie 1900 en 17 Januarie 1901, is soldate vir rematiekkoors, disenterie, malaria, wonde en frakture en tifus behandel. Tifus het veral in 1900 in Pretoria sy tol geëis.[13] en in sy briewe berig dr DH van der Groot van die Tweede Nederlandse Ambulans in Junie 1900 dat bykans alle skole en groot geboue, o.a die Paleis van Justisie as hospitale ingerig is.[14] Die dieet van 'n tifus pasiënt het hoofsaaklik uit melk of gekondenseerde melk, vars vrugte soos perskes, rys en vars gebraaide vleis bestaan.[15]

Alhoewel geen inligting oor die gesondheidstoestande hiertydens by die forte, in die bronne wat nagegaan is, verkry kon word nie, kan aangeneem word dat die manskappe nie die epidemie sou vryspring nie.

Fort Klapperkop kon waarskynlik oor die middele beskik het om minder ernstige ongesteldhede soos hoofpyn te kon behandel. Die uitrusting wat vir 'n veldhospitaal verkry is, behoort 'n goeie riglyn vir die toerusting by die forte, juis vanweë die beperking in omvang en grootte van die vertrekke te wees. 'n Inventaris van benodigdhede van die Tweede Nederlandse Ambulans uit 25 November 1899 is ingedeel in *transportmateriaal, verplegings-artikelen, huishoudelijke artikelen, instrumenten, verbandstoffen en diversen.*[16] *Die inhoud van 'n tent van die Tweede Nederlandse Ambulans is deur een van die susters as volg beskryf: In de voor ons bestemde tent stonden twee bedden en stratchers met planken op den grond voor het bed., bij wijze van beddekleedjes. Een waschtafel van kisten gemaakt was gekleed met een laken en twee kommen en kannen van wit emaille, dito zeepbakje, een koelkaraf en zelfs een spiegel maakte het compleet. Vooraan in de tent stond een tafel, eveneens met een wit laken bekleed en twee gemakstoelen; als een vriendelijke attentie was er een karaf met bloemen ter verwelkoming neergezet.*[17] *Dit stem baie ooreen met die inventarislys:*

*Transportmateriaal*
*Draagbaar en ysterkatels*
*Verplegingstoerusting*
*Hospitaal linne, waskomme, kamertermometers, klismabeker, ysbakke, rottangverbande, Japanese papier windkussings en handmes.*
*Huishoudelike toerusting*
*Veldbeddens (opvoubaar) en kapokmatrasse, spieëls, opvoustoel, ystertafel met opvoublad,*

---

[10] Transvaalse of Nederlandse Rooikruis.

[11] TAB, Staatsekretaris - Inkomende stukke (SSA), RA 3360/96.

[12] NKHM, C Abbott, Someone was to blame. The South African War Diary of Private Walter Abbott 1899-1901), p.21.

[13] Nasionale Kultuurhistoriese Museum (NKHM), Kr 101: J & H van Langenhuysen, De Vereeniging het Nederlandsch Roode Kruis in den Transvaalsche Engelschen oorlog 1899-1901, p. 108.

[14] NKHM, Kr 101: J & H van Langenhuysen, De Vereeniging het Nederlandsch Roode Kruis in den Transvaalsche Engelschen oorlog 1899-1901, p. 234.

[15] NKHM, Kr 102(1): Z. Hellemans, Met het Roode Kruis in den Boeren Vrijheidsoorlog mee, pp.41 & 166.

[16] NKHM, Kr 101: J & H van Langenhuysen, De Vereeniging het Nederlandsch Roode Kruis in den Transvaalsche Engelschen oorlog 1899-1901, p.86-77.

[17] NKHM, Kr 102(1): Z. Hellemans, Met het Roode Kruis in den Boeren Vrijheidsoorlog mee, p.50.

*instrumenttafel met twee blaaie, lakens, vuurhoutjies, seep, bamboes vir spalking, spiritus toestel, kookketels, emmers met deksels, kamerpotte en waterfilter met poreuse pot.*

*Instrumente*

*Steriliseerder vir verbande, skaal, spuit, chloroform maskers, eterbakke, spelde, slypsteentjies, lang tang, bekkensteun, rekverband, kateter, kaaktang, salfspaltels, skeermesse, draadspalk en klemme.*

*Verbande*

*Watte, steriele gaas, gips, jodium gaas, hegpleister, eter, metiel spiritus, kreolin, borak, vaselin, spaltels, mostertpapier, glasmaat, sitroensuur, talkpoeier, glastregters.*

*Diverse*

*Register vir pasiënte en weegskaal.*

*Die tydperk 1900-1902*

*Geen inligting uit die tydperk kon verkry word nie. Die Britte het ook van ambulanskorpse gebruik gemaak. Een van die Ambulanskorpse Becket and Burk* was in Pretoria gestasioneer.[18]

Daar was wel 'n sigbare verskil in die behandeling van pasiënte onder die Engelse verpleegsters gewees. *De ziekenverpleging door de Engelsche zusters... hebben eene geheel andere opvatting van hare taak als de Holl die volgens Engelsche methode, onderricht waren.*[19]

***Keukenkasemat***

Die tydperk 1896-1900

Reeds op 15 Februarie 1898 is proviand met 'n ligte wa by Fort Klapperkop afgelewer. Hierdie tipe wa is gebruik om te verseker dat die steil pad wat by die Fort bestaan het, uitgery kon word.[20] Op 4 Maart 1898 word 'n tender van TW Beckett van Pretoria vir die bedrag van £3 659 12 6 vir die aankoop van voedsel vir die forte deur die Uitvoerende Raad goedgekeur.[21] Die voedsel wat vir die bedrag aangekoop is, word nie genoem nie.

Die fort in Johannesburg sluit op 1 Augustus 1900 nie minder nie as drie kontrakte vir die lewering van brood, vleis, kruideniersware en diverse benodigdhede.[22] In dieselfde jaar bestaan die aankope van die Staatsartillerie in Pretoria uit die volgende blikkieskos, naamlik gebraaide skaapvleis, Australiese pekelvleis, (ander) pekelvleis, koffie, groente. Daaglikse rantsoene aan staatsartilleriste het uit koffie, suiker en rys bestaan.[23] Die Staat het namate die oorlog gevorder het 'n groot hoeveelheid proviand weekliks vanaf Amerika na Pretoria gebring, [24] aangesien die meeste klein winkeltjies in September 1899 gesluit was. Voedsel en sanitêre probleme het in Pretoria ontstaan en 'n voedselkommissie is in die lewe geroep om na armes wat nie voedsel kon koop nie, te voorsien. In Pretoria is van huis tot huis gegaan om 'n opname te maak, en brood en meel is voorsien waar dit nodig was.[25] Hierdie tekort aan voedsel sou sekerlik ook by die fort gevoel word.

---

[18] NKHM, Kr 102(1): Z. Hellemans, Met het Roode Kruis in den Boeren Vrijheidsoorlog mee, p.129.

[19] NKHM, Kr 102(1): Z. Hellemans, Met het Roode Kruis in den Boeren Vrijheidsoorlog mee, p.40.

[20] TAB, KG 274, CR 593/98.

[21] A.C. van Vollenhoven, Die Militêre fortifikasies van Pretoria 1880-1902. 'n Studie in die historiese argeologie, p. 68.

[22] TAB, KG 366, CR 5083/99.

[23] A.C. van Vollenhoven, Die Militêre fortifikasies van Pretoria 1880-1902. 'n Studie in die historiese argeologie, pp. 68-69.

[24] C. de W van Vreden, Pretoria en die Tweede Vryheidsoorlog 11 Oktober 1899-5 Junie 1900 (Ongepubliseerde MA-verhandeling, UP), p. 3.

[25] C. de W van Velden, Pretoria en die Tweede Vryheidsoorlog 11 Oktober 1899 -5 Junie 1900 (Ongepubliseerde MA-verhandeling, UP), p. 25.

Die kaserne by die hoofkwartier van die Staatsartillerie het oor groot potte, waterketels en broodpanne beskik.[26] Die kombuis in die Artilleriekamp het nie oor 'n groot oond beskik nie en daar was geen skoorsteen nie. Daar was 'n wasplek vir skottelgoed.[27]

Die tydperk 1900-1902

Geen inligting kon opgespoor word wat 'n aanduiding kon gee wat in die vertrek gestaan het nie. Te velde het die Britse soldaat rantsoene ontvang wat uit 'n kwart punt (een koppie) koffie sonder suiker en melk en 'n sny brood met botter bestaan het. Die botter was nie altyd van die beste nie. Daarvolgens was die botter *just like cart grease. But we scraped that off & eat the bread without the butter.*[28] Dikwels is beskuit ook utgedeel.[29]

***Proviandkasemat***

In die jaarverslag van 1897 wat deur die *Intendance*, kaptein JJ Bosman opgestel is, word uitgawes wat deur die Staatsartillerie aangegaan is gegee. 'n Bedrag van £38 812 is aan salarisse uitbetaal. Aankope van *rantsoenen, beddegoed en meublement, schoolbehoeften, paarden, wagens en trekgoed, voeder* (vir perde), *brandhout, veldtelegrafie benodigheden, zadels en tuigen, kooigoedgras, hospitaalbenodigheden, en die uitgawes aan die smederye en bankwerkery, onvoorziene uitgawen* en die aankope van *uniforms* en *kleeratie* is aangegaan.[30] Vir die doel van die verslag sal op die uniforms en die eenhede en afdelings wat by die forte gestasioneer was gekonsentreer word.

Voor 1896 was die *Rydende Artillerie en Politiekorps* (RA & P) vir verdediging, die maak van paaie en polisiewerk soos wagstaan, die oppas en opspoor van vee en die ontvang en afgee van boodskappe verantwoordelik. Hierdie korps het uit 'n kaptein, adjudant, kwartier -en betaalmeester, kwartiermeestersersant, sersant, hoefsmid en saalmakersersant en 100 manskappe bestaan. 'n Kaptein was die bevelvoerder.[31] In 1890 verkry die RA & P 'n Veldtelegrafie-afdeling onder leiding van eerste luitenant PC Paff. Paff was ook vir die opleiding en die hantering van telegraaftoerusting verantwoordelik.[32] (Sien bylaag A vir range in die Staatsartillerie)

In 1896 word die *Rydende Artillerie en Politie* saamgevoeg en word as Staatsartillerie bekend. Veranderinge in die samestelling van die mag vind plaas.[33] Die opperbevel berus nou by die kommandant-generaal wat deur 'n kommandant bygestaan is. 'n Majoor wat deur 'n eerste luitenant-adjudant bygestaan is, neem posisie onder die kommandant in. Elke afdeling in die Staatsartillerie was aan hom verantwoordelik en in oorlogstyd was die Artillerie-afdeling onder sy bevel. 'n Tweede luitenant-adjudant was vir administrasie verantwoordelik.(Bylaag A) Die Artillerie-afdeling het in 'n Rydende, Berg -en Vestingartillerie verdeel en het oor 'n Veldtelegrafie, *Intendancediens* (voorrade), Musiekkorps, Geneeskundige departement, Onderwys, Smedery en

---

[26] TAB, KG 126, CR 1987/96.

[27] TAB, PW 189, BR 1185/90.

[28] NKHM, C. Abbott, Someone was to blame. The South African War Diary of Private Walter Abbott 1899-1901), p.5.

[29] NKHM, C. Abbott, Someone was to blame. The South African War Diary of Private Walter Abbott 1899-1901), p.11.

[30] TAB, KG 275, CR 721/98.

[31] D.J. Haupt, Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse Republiek (Ongepubliseerde MA-verhandeling, UP), p.4; J.L., Pretorius, Ons Suidafrikaanse Militaire Tradisie. Die Afrikaners als krijgsman, en meer bepaald als Artillerist III. Die Brandwag, 15 Julie 1910, p.106.

[32] D.J. Haupt, Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse Republiek (Ogepubliseerde MA-verhandeling, UP), pp.12-13.

[33] J.L. Pretorius, Ons Suidafrikaanse Militaire Tradisie. Die Afrikaners als krijgsman, en meer bepaald als Artillerist IV. Die Brandwag, 1 Augustus 1910, pp.143.

Bankwerkery beskik.[34] (Sien bylaag B vir name van bevelvoerders) Die afdelings Veldtelegrafie en Artillerie was in 1898 by Fort Klapperkop gestasioneer[35] en is aan hulle uniforms van mekaar onderskei.

Die tydperk 1896-1900

Tydens die bou van Fort Klapperkop wat vroeg in 1897 'n aanvang geneem het, word twee tente op 16 Januarie 1897 vir die *politie* aangevra. Hierdie *speciale politie* soos na hulle verwys is, was 'n ander korps as die *gewone politie* en hulle taak was om veral snags[36] by die forte wag te hou.[37] Hulle het nie 'n goeie naam gehad nie en volgens majoor PE Erasmus, hoof van die Staatsartillerie was hulle vernielsugtig, roekeloos en agterlosig. Hulle wagstaan het veel te wense oorgelaat. Omdat hulle geen tyd aan hulle gehad het nie, is probleme met die wagstaan en die ruiling ondervind en moes oorlosies vir Fort Klapperkop en die ander forte aangekoop word.[38] Die *speciale politie* is nie besoldig nie en daarom het die nodige lojaliteit oor die algemeen ontbreek.[39] Na die oorname van Fort Wonderboompoort in 1879, is die Artillerie van Fort Klapperkop na Fort Wonderboompoort verskuif en het die *speciale politie* twee kamers by forte Schanskop en Klapperkop beset.[40] Die beplanning van die forte het in geheimhouding plaasgevind en tydens die oprigting is niemand sonder toestemming op die persele toegelaat nie. Selfs toe die forte voltooi is, moes spesiale toegangskaarte verkry word vir diegene wat die terreine vir werk moes betree. In Februarie 1899 is byvoorbeeld vir twee bou aannemers, 'n ingenieur en 'n werktuigkundige wat reeds met bou aktiwiteite by Fort Daspoortrand betrokke was en dus beëdig is, vir kaarte aansoek doen om weerafleiers by onder andere Fort Klapperkop op te rig.[41] Daarby het die Militêre Wet (Wet nommer 2) 'n verbod op besoekers aan forte en militêre instellings geplaas.[42] Wagte moes sorg dat ongewenste persone nie die gronde betree nie.

Op 1 Februarie 1900 is die *speciale politie*[43] steeds as wagkorps en nie as 'n verdedigingsmag by die forte en die buitewyke van die stad gestasioneer gewees. Die meeste staatsartilleriste wat eintlik die verdedigingsmag uitgemaak het, is eerder by die oorlogsveld aangewend. Die *speciale politie* het uit reserviste, afkomstig van die burgermag bestaan en is later van tyd deur die Rus en Orde Kommissie, wat in September 1899 in werking getree het, benoem.[44] Die kern van die Pretoriase *speciale politie* het uit die garnisoen[45] van die Hollanderkorps bestaan.[46] Die *speciale politie* het nie oor 'n uniform of 'n kenteken beskik nie[47] en het soos die Boerekommando's in enige klere na

---

[34] J.L., Pretorius, Ons Suidafrikaanse Militaire Tradisie. Die Afrikaners als krijgsman, en meer bepaald als Artillerist IV. Die Brandwag, 1 Augustus 1910, p.145.

[35] TAB, KG 275, CR 739/98.

[36] G.N. van den Bergh, Die Polisiediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek (Ongepubliseerde D Litt-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), p.868.

[37] TAB, KG 249, CR 4514/97.

[38] TAB, Publieke Werke (PW), 75, 4351/98.

[39] G.N. van den Bergh, Die Polisiediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek (Ongepubliseerde D Litt-verhandeling, PU vir CHO), p.872.

[40] TAB, KG 213, CR 393/97.

[41] TAB, KG 338, CR 855/99.

[42] PW 72, 1088/03.

[43] Die garnisoen en die *speciale politie* waarna verwys word, is dieselfde mag.

[44] D.G. Friend, Staatsartillerie of the ZAR before the Second Anglo-Boer War of 1899-1902 (Ongepubliseerde Hons-skripsie, UP), p.72.

[45] Die garnisoen en die *speciale politie* waarna verwys word, is dieselfde mag.

[46] C. de W van Vreden, Pretoria en die Tweede Vryheidsoorlog 11 Oktober 1899-5 Junie 1900 (Ongepubliseerde MA-verhandeling, UP), p.10.

[47] G.N. van den Bergh, Die Polisiediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek (Ongepubliseerde DLitt-verhandeling, PU vir CHO), p. 866.

die gevegsfront gegaan.[48]

Na die Jameson-inval in 1896 is die Staatsartillerie as georganiseerde verdedigingsmag onder Wet I van 1896 in die lewe geroep. Tydens die oprigting van die forte, het die afdeling Veldtelegrafie van die Staatsartillerie met die bouwerk, lê van kabels en die elektriese installering gehelp. Dit het aansienlike besparing vir die regering beteken, aangesien duurder privaat maatskappye andersins gevra sou moes word.[49] Volgens Wet I van 1898 het die afdeling Veldtelegrafie uit een offisier, vyf onderoffisiere en 26 manskappe bestaan. Weens 'n gebrek aan offisiere is onderoffisiere, naamik adjudante by Forte Klapperkop en Schanskop aangestel om die forte te kommandeer.[50] Nadat spesiale toestemming op die Volksraadsvergadering van 1 Augustus 1899 daarvoor verkry is, is die poste kort daarna met adjudante Kruger en Nel gevul.[51]

Op 31 Desember 1897 het die Artillerie-afdeling van die Staatsartillerie uit 11 onderoffisiere, 77 manskappe, drie adjudant-onderoffisiere, een opperwagmeester, vyf wagmeesters, twee fouriers (tuiemakers) en agt korporaals bestaan.[52] Dit was die taak van kaptein PJ van der Merwe van dié afdeling om vas te stel hoeveel artilleriegeskut vir die bewapening van die forte benodig sou word. Hierdie ondersoek het tot gevolg gehad dat by elk van die vier forte 'n 155mm Creusot kanon (Long Tom) geplaas is. Vir hierdie doel is aan elke fort 25 manskappe, waarvan byvoorbeeld artilleris HD Warden, by Fort Klapperkop gestasioneer is.[53] Na die uitbreek van die oorlog in Oktober 1899 is hulle weer verwyder, sodat net een persoon van die Staatsartillerie oorgebly het.[54] Soos in die geval van die afdeling Veldtelegrafie is die manskappe van die Artillerie ook opgelei. Hulle opleiding het uit *Ruiterschool te voet* en *te perd, pelotonschool te voet* en *te perd, Kanonnierschool, Steekryderschool* en *Batteryschool* bestaan. Onderrig in lees en skryf is deur eerste luitenant-adjudant Th Kroon behartig.[55] Die Onderwys-afdeling van die Staatsartillerie het 'n belangrike rol in die vorming van die soldaat gespeel.

Ander afdelings wat wel 'n rol by die forte kon speel, maar waarvan geen bewyse in die bronne wat geraadpleeg is gevind kon word nie, is die van die *Intendance* (voorrade), Gesondheid, *Wagmeester* en *Opperwagmeester* en *Kapelmeester.* Hierdie afdelings is deur 'n uniform van mekaar onderskei en sal ook bespreek word.

Tydens die inname van Pretoria in Junie 1900 was verskeie eenhede van die Britse leër in Pretoria gestasioneer. Hieronder was die **Kavallerie-afdeling** van kolonel TC Porter wat uit die *6th Dragoon Guard, 2nd Dragoon, 6th Dragoon, Australian Hors*e en *New South Wales Lancers* bestaan het. 'n Tweede kavallerie-afdeling onder generaal-majoor JBB Dickson met die onderafdelings *7th Dragoon Guard, 8th Hussars, 14th Hussars* en die *Royal Scots Fusiliers* was ook verteenwoordig. Die **Berede-afdeling** het uit die *Canadian Mounted, Queensland Mounted Infantry en New Zealand Mounted Rifles* onder bevel van luitenante-kolonel GHA Alderson en TD Pilcher bestaan. Die infanterie-afdeling onder majoor IR Jones het uit die *3rd Grenadier Guards,*

[48] C. de W van Vreden, Pretoria en die Tweede Vryheidsoorlog 11 Oktober 1899-5 Junie 1900 (Ongepubliseerde MA-verhandeling, UP), p.13.

[49] TAB, KG 275, CR 739/98.

[50] J. Ploeger, Die Bewapening, bewaking en voltooiing van die fort.Militaria (3)5, 1972, p.36.

[51] TAB, KG 4278, CR 226/99; TAB, Staatsekretaris (SS) 7944, R 9287/99.

[52] TAB, KG 275, CR 739/98.

[53] TAB, KG 350, CR 2456/99.

[54] C de W van Vreden, Pretoria en die Tweede Vryheidsoorlog 11 Oktober 1899-5 Junie 1900 (Ongepubliseerde MA-verhandeling, UP), p.126.

[55] TAB, KG 212, CR 271.

*1st & 2nd Goldstream Guard* en *1st Scots Guard* bestaan.[56]

Die tydperk 1900-1902

Tydens die inname van Pretoria was die *Royal Scots Fusiliers*, 'n eenheid van die Berede-afdeling, by die forte gestasioneer.[57] Hoe lank die eenhede daar was, kon nie met sekerheid vasgestel word nie, maar teen die einde van 1902 word berrig dat die *Royal Engineers, die forte eenheid* onder bevel van luitenant-kolonel WA St Clair by Fort Klapperkop gestasioneer was.[58] Hoeveel manskappe daar was, kon ook nie vasgestel word nie.

Uniforms uit die tydperk 1896-1900

*Speciale politie*

Foto's van burgers op kommando dui daarop dat die meeste velbaadjies, met 'n bruin koordfluweel broek gedra het. 'n Breerand velhoed met leerskoene en kamaste met 'n bandelier het die kleredrag afgerond.[59] Dit was 'n uitsondering as 'n baadjie nie aangetrek is nie. Selfs tydens skermutselings is hierdie baadjies aangehou. Donker koordfluweel baadjies is ook gedra.[60]

Staatsartillerie

Die afdeling Veldtelegrafie

In 1896 het die uniform van die Staatsartillerie uit 'n Groot en Klein Tenue asook Velddrag bestaan. Die **Groot Tenue** van swart materiaal is hoofsaaklik vir belangrike geleenthede en parades gebruik en was in die *Husar* of *Attila* styl vervaardig. Kenmerkend van hierdie styl was die vierkantige voorpant met ses swart omvlegte toue en drie rye met ses gladde koper knope per ry, wat van bo na onder oor die bors gestrek het. Die mou-omboorsels was blou en die gevlegde skouerbande en die knoes op die mou-omboorsel was van blou en goud omvlegde tou vervaardig. 'n Gordel met 'n patroonsak van gepoleerde leer is oor die linkerskouer gedra. Die kraag was blou en 'n wit helm met perdehare het die uitrusting afgesluit. 'n Kenteken van die Veldtelegrafie in die vorm van 'n weerligstraal in geel op 'n blou agtergrond is op die linker bo-arm gedra.'n Swart rybroek met 'n nou blou omboorsel op die naat was sigbaar.[61]

Die **Klein Tenue** was die algemene uniform wat die meeste in die daaglikse roete gebruik is. Die Klein Tenue by die Veldtelegrafie het net soos die Groot Tenue vertoon, behalwe dat die sjako (pet) sonder perdehare was en 'n swaard in plaas van 'n sabeltas en patroonsak gedra is.[62]

Die kleur van die **velddrag** was 'n sanderinge amper kaki kleur van koordfluweel wat met die gebruik daarvan verbleik het. 'n Kenteken van die Veldtelegrafie is op die linkerkantste bo-arm aangebring.'n Flaphoed wat aan die regterkant opgeslaan en vasgemaak is, het deel van die uniform uitgemaak. 'n Sandkleurige broek is gedra.

Die Artillerie-afdeling

Die **Groot Tenue** van die Artillerie het net soos die van die Veldtelegrafie gelyk, met sekere uitsonderings. Die kraag is van swart fluweel vervaardig is, en die koper knope het gekruisde kanonne daarop. 'n Korter lengte pet of lae sjako met 'n wit perdehare pluim en ZAR-kenteken is

---

*56*J.H. Breytenbach, Die slag by Donkerhoek 11-12 Junie 1900 (Ongepubliseerde D Phil-verhandeling, UNISA), pp.84 & 85.

*57*D.G. Friend, The Staatsartillerie of the ZAR before the Second Anglo-Boer War (Ongepubliseerde Hons-skripsie, UP), p.61.

*58*TAB, PWD 72, R 1088/03.

*59*P.J. Haythornthwaite The Boer War Uniforms illustrated no 19, p.31.

*60*P.J. Haythornthwaite The Boer War Uniforms illustrated no 19, p.33.

*61*D.G. Friend, Staatsartillerie of the ZAR before the Second Anglo-Boer War of 1899-1902 (Ongepubliseerde Hons-skripsie, UP), p.54; D.J. Haupt, Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse Republiek (Ongepubliseerde MA-verhandeling, UP), p.55.

*62*D.G. Friend, Staatsartillerie of the ZAR before the second Anglo-Boer War of 1899-1902 (Ongepubliseerde Hons-skripsie, UP), p. 54; D.J. Haupt, Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse Republiek (Ongepubliseerde MA-verhandeling, UP), p. 55.

gedra. 'n Gordel met 'n patroonsak van gepoleerde leer is oor die linkerskouer gedra. By offisiere is die patroonsak verguld en die band met vergulde drukkers, 'n leeukop met 'n kettinkie en 'n fluitjie asook 'n fluitjiehouer voorsien. Alle range het 'n swaard en sabeltas gedra. By 'n offisier was die sabeltas van silwer en goue rante voorsien.[63]

Die **Klein Tenue** het in hierdie geval 'n swart kraag gehad en die perdehaar pluim by die sjako het ontbreek. Swaarde maar geen sabeltas is gedra nie.[64]

Die kleur van die **velddrag** was 'n sanderinge amper kaki kleur van koordfluweel, wat met die gebruik daarvan verbleik het. 'n Flaphoed wat aan die regterkant opgeslaan en vasgemaak is, het deel van die uniform uitgemaak. 'n Sandkleurige broek is gedra wat met die res van die burgers op kommando ooreengestem het. Om onderskeid tussen die Veldtelegrafie te tref, het die Artilleriste die staatsartillerie wapen aan die kant van hoed waar dit opgeslaan is, vasgemaak. As deel van die uitrusting is 'n 9mm Mauser karabyn(kortloop) geweer aan manskappe en onderoffisiere uitgedeel, terwyl 'n offisier met 'n verkyker, pistool (.45 Webley) en 'n swaard (1889 Pruisiese maak) uitgereik is.[65]

Ander afdelings

Die uniforms was soos die van die Artillerie , behalwe dat die **Mediese offisiere** het 'n rooi kruis as kenteken op die linker bo-arm van die baadjie gedra het. Die kraag van die uniformbaadjie was rooi en die offisiere was nie van 'n sabeltas soos die res van die onderoffisiere en manskappe voorsien nie. Die **Klein Tenue** was van 'n ligte fluweel vervaardig en offisiere is van 'n verkyker voorsien.

Die ***Intendance*** (voorrade) het 'n "I" as kenteken op die linkerkantste bo-arm gedra en die baadjie het ook 'n rooi kraag gehad. Die *Intendance* en *kapelmeester* is met een uniform uitgereik.

Die **kapelmeester** se uniform het 'n harp as kenteken op linker bo-arm gehad. Die korps is van 'n korter swaard as die ander afdelings voorsien. Offisiere wat aan die hoof gestaan het, het 'n geborduurde harp op die kraag langs die rangteken gehad.[66]

Swart skoene is gedra en op sommige foto's in besit van die Museum is kamaste ook gedra.[67]

Range

Range op die uniform is deur middel van sterre en strepe aangedui. Offisiere, dit wil sê 'n Eerste luitenant het twee silwer sterre en 'n Tweede Luitenant een silwer ster aan weerskante van die kraag gedra. 'n Kaptein het drie silwer sterre en 'n majoor 'n enkele groot ster op 'n gevlegde-koordwerk-agtergrond kraag met twee goue strepe op die voorarm gedra. 'n Luitenant-kolonel het twee groot sterre op 'n kraag met goue koordwerk en drie strepe op die voorarm gedra. 'n Adjudant-onderoffisier het 'n enkele koper knoop aan weerskante van die kraag gedra en onderoffisiere het 'n goue chevrons op die voorarm gedra.[68] (Bylaag A)

Uniforms uit die tydperk 1900-1902

***Royal Scots Fusiliers***

---

[63] D.G. Friend, The Staatsartillerie of the ZAR before the Second Anglo-Boer War of 1899-1902 (Ongepubiseerde Hons-skripsie, UP), p.54; D.J. Haupt, Die Staatsartillerie van die Zuid-Afrikaansche Republiek (Ongepubliseerde MA-verhandeling, UP), p.52.

[64] D.G. Friend, The Staatsartillerie of the ZAR before the Second Anglo-Boer War of 1899-1902, (Ongepubliseerde Hons-skripsie, UP), p.57.

[65] D.G. Friend, The Staatsartillerie of the ZAR before the Second Anglo-Boer War of 1899-1902 (Ongepubliseerde Hons-skripsie, UP), p. 58.

[66] D.G., Friend, The Staatsartillerie of the ZAR before the Second Anglo-Boer War of 1899-1902 (Ongepubliseerde Hons-skripsie, UP), p. 58.

[67] NKHM, HC 153: Album.

[68] D.G. Friend,The Staatsartillerie of the ZAR before the Second Anglo-Boer War of 1899-1902 (Ongepubliseerde Hons-skripsie, UP), p. 55.

In 1896 word die Britse leër met 'n eenvormige kaki-kleurige uniform uitgereik, wat deur alle eenhede in die Britse leër gebruik word. 'n Velduniform (*khaki drill)* is deur die *Royal Scots Fusiliers* gebruik. Die mou-omboorsel van die baadjie was gepunt met twee sakke met 'n toemaak flap aan weerskante van die borsgedeelte. Vier enkelry koper knope met die eenheidswapen en twee kleiner knope aan beide sakke het die uniform afgerond. 'n Skouerlus van kaki waar offisiersrange op geplaas is, is aan weerskante van die skouers aangebring. 'n Gebolde lang helmet, bekend as die *tropical helmet*, gemaak van kurk en met kaki oorgetrek is as beskerming teen die son gebruik. Om te verhoed dat die helmet afval is dit van 'n leer band met 'n gespe voorsien. Bruin leerskoene met gedraaide kamaste wat uit kaki-kleurige linne bestaan het, is gedra. 'n Bruin leergordel(*Sam Browne)* wat om die middel en oor die linkerskouer gedra is, is by offisiere aangetref. Die broek het uit dieselfde materiaal as die baadjie bestaan en was noulopend na onder.[69] Bykomstighede soos 'n wit ammunisiesakkie, 'n ronde waterbottel met kaki-kleurige filt oorgetrek en 'n opgerolde kombers is uitgereik.[70]

Dit wil voorkom of die Britse soldaat se uniform dikwels weens die ongure Suid-Afrikaanse klimaat vervang is. So byvoorbeeld is 'n eenheid gedurende die oorlog drie keer uitgereik.[71]

Die kenteken wat die eenheid geïdentifiseer het, het uit 'n rond knop met lourierblare aan die bo-punt bestaan.[72]

*Royal Engineers*

Die afdeling het dieselfde uniform gedra, maar is deur die kenteken onderskei. Dit het uit 'n ronde sirkel met die letters ER, met 'n kroon bo-op en lourierkranse aan die linker en regterkant bestaan.[73]

Range[74]

Veldmaarskalk 'n Kroon en twee gekruisde kanonne, binne 'n sirkel

Generaal 'n Kroon (bo), 'n kasteel (middel) en twee gekruide swaarde (onder), onder mekaar gerangskik

Luitenant-generaal 'n Kroon en twee gekuisde swaarde van bo na onder gerangskik

Majoor-generaal'n Kasteel en twee gekuisde swaarde van bo na onder gerangskik

Brigadier'n Kroon en drie kastele. Die kroon is bo en die kastele is in 'n driehoek gerangskik.

Kolonel'n Kroon en twee kastele van bo na onder gerangskik

Luitenant-kolonel'n Kroon en 'n kasteel van bo na onder gerangskik

Majoor'n Kroon

KapteinDrie krone in 'n ry

LuitenantTwee krone in 'n ry

Tweede luitenantEen kroon

Onderoffisiere (op die kant van die skouers aangebring)

Adjudant-offisierDie Britse wapen

Adjudant-offisier

(Tweede klas)Kroon

StafsersantDrie chevron strepe en 'n kroon aan die bo-kant van die strepe

SersantDrie chevron strepe

---

69 P.J. Haythornthwaite The Boer War Uniforms illustrated no 19, p.4.

70 P.J. Haythornthwaite The Boer War Uniforms illustrated no 19, p. 6.

71 NKHM, C. Abbott, Someone was to blame. The South African War Diary of Private Walter Abbott 1899-1901), pp.5&31.

72 G. Rosignoli, Army badges and insignia, plaat 7.

73 G. Rosignoli, Army badges and insignia, plaat 3.

74 G. Rosignoli, Army badges and insignia, plaat 1.

KorporaalTwee chevron strepe
Onder-korporaalEen chevron streep

## 5. BESPREKING

***Hospitaalkasemat***

Geen gegewens oor hierdie vertrek kon in argivale dokumentasie wat nagegaan is opgespoor word nie. Dit wil voorkom asof die *Hospitaalkasemat* nie 'n groot rol in die versorging van siekes gespeel het nie. Die Staatsartillerie het eers later die dienste van dr Laxton bekom en na sy aanstelling is hy ook by verskeie geleenthede saam met 'n kommando na die gevegsfront. Die feit dat hy op aanvraag pasiënte besoek het, het verseker dat hy nie op enige kwaal sou reageer nie en net die ernstiger gevalle besoek is. Voor die oorlog was daar hospitale in Pretoria waarheen pasiënte kon gaan en tydens die oorlog is meer geboue in hospitale omskep. Weens die groot getal hospitale sou dit dus onnodig wees om ernstige gevalle by die Fort te behandel. Minder ernstige gevalle is sekerlik wel by die Fort behandel en 'n minumim voorrade sou dus vir die doel aangehou word. Vir epidemies eie aan Suid-Afrika soos malaria bestaan geneesmiddels en dit sou beskikbaar in voorraad gewees het.

Die inventaris van die Tweede Nederlandse Ambulanskorps sou as 'n riglyn vir die inrigting van 'n uitstalling oor 'n hospitaal kon diens, maar dit bly 'n raaisel watter voorwerpe, buiten die voor-die-hand-liggendes soos beddens gebruik is. Van die handelaars wat produkte aan die Staatsartillerie verskaf het, is bekend en verdien verdere toeligting sou oor so 'n tema besluit word. Ambulanskorpse van Britse eenhede se voorraad sou baie met die aan Boerekant ooreengekom het, want voorrade is dikwels van dieselfde firmas verkry.[75]

***Keukenkasemat***

Gegewens van die tipe voedsel wat in 1898 vir Fort Klapperkop aangekoop is, sowel as voorbeelde van die breekware wat deur die Staatsartillerie aangekoop is, en vir 'n kombuis bedoel is bestaan. Baie van die voedselvoorraad is plaaslik deur die ZAR, maar ook van ander lande verkry en dit kon ook sy pad na Fort Klapperkop verkry het. Dieselfde kommissie, naamlik die van Rus en Orde wat hulle oor die hulpbehoewendes ontferm het, was vir die stigting van die *speciale politie verantwoordelik.* Voorsiening van kos aan hulle is glad nie te vergesog nie. Die tydperk uit die Britse besetting skiet te kort, maar rantsoenpakke soos *Bully Beef* wat in die veld uitgedeel is, kan as riglyn dien.

Geen inligting van die meublement soos tafels en oonde uit die tydperk van die oorlog (1899-1902) bestaan nie. Die kombuis by die hoofkwartier van die Staatsartillerie het oor 'n oond sonder 'n skoorsteen en 'n washok beskik.

***Proviandkasemat***

'n Historiese foto[76] uit die versameling van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria van manskappe geklee in Staatsartillerie uniforms, wat waarskynlik kort na die oorhandiging van Fort Daspoortrand op 18 November 1898[77] geneem is, dit wil sê toe die meeste Artilleriste uit die forte na die gevegsfront geskuif is, is opgespoor. Foto's van die Britse besetting van Fort Schanskop en Fort Klapperkop (9 Oktober 1900) met soldate aan die buitekant van die forte is gevind.[78]

[75] NKHM, Kr 101: J & H van Langenhuysen, De Vereeniging het Nederlandsch Roode Kruis in den Transvaalsche Engelschen oorlog 1899-1901, p.329.

[76] Nasionale Kultuurhistoriese Museum (NKHM), HC 153, HKF 9019.

[77] A.C. van Vollenhoven, Die Militêre Fortifikasies van Pretoria 1880-1902. 'n Studie in die historiese argeologie, p. 61.

[78] A.C. van Vollenhoven, Die Militêre Fortifikasies van Pretoria 1880-1902. 'n Studie in die historiese argeologie, p. 57 & 59.

Navorsingsbevindinge uit argivale dokumente stem dus met die foto's ooreen en dien as verdere kruisverwysings na die besetting van Fort Klapperkop.

Voor die voltooiing van Fort Klapperkop het die *speciale politie* en die afdeling Veldtelegrafie van die Staatsartillerie by die fort diens verrig. Twee afsonderlike funksies is deur hulle vervul. Die *speciale politie* is aangestel om wag te hou, terwyl die staatsartilleriste byvoorbeeld met die bou van die Fort, die inrigting van elektrisiteit en die aanlê van paaie na die fort gemoeid was.

Na voltooiing is dieselfde afdelings, naamlik Veldtelegrafie en Artillerie by die Fort gestasioneer. Die opleiding in veldtelegrafie en artillerie wat ontvang is en waarin baie nog onder opleiding gestaan het, moes nou pakties toegepas word. Dit het nie gebeur nie, want aangesien die forte voor en tydens die inname van Pretoria nie as teikens vir die vyand beskou is nie, is die staatsartilleriste eerder op die gevegsfront gebruik. Weens 'n gebrek aan genoegsame offisiere is tog 'n adjudant-onderoffisier as bevelvoerder by Fort Klapperkop aangestel. Hierdie aanstelling was koste besparend veral as die uitgawes aan salarisse wat in 1897 aangegaan in gedagte gehou word. Aan die ander kant kon gevoel word dat 'n offisierspos vanweë die lae prioriteit wat die Fort geniet het, nie geregverdig was nie. Die eenheid wat 'n groter rol by die Fort gespeel het, was die *speciale politie*. Omdat hulle nie op verdediging ingestel was nie, maar as wagkorps bedoel is, is perde van hulle weggeneem en genoegsame wapentuig het ontbreek.[79] Die gebrek aan besoldiging en 'n uniform, was alles invloede wat moraal verlaag het en vir 'n traak-my-nie-agtige houding gesorg het.

Met bogenoemde in gedagte is die keuse van uniform by 'n uitstalling tussen die periode 1896-1900 beperk, maar ook uiteenlopend. Die *speciale politie* het geen amptelike uniform gedra nie, maar hier lê ook verskeidenheid van keuse in opgesluit. Die adjudant-offisier was in by die Fort in bevel, die res het uit manskappe bestaan. Ander range en eenhede van die Staatsartillerie het tog ook 'n rol gespeel. In hierdie verband is die *Intendance,* die Gesondheidsdepartement, Wagmeester en die Musiekkorps voorbeelde. Van die persone wat leiding geneem het, het oor range beskik en dit sou dus nie verkeerd wees om sulke voorbeelde uit te stal nie.

Die eenhede wat tydens die inname van Pretoria by Fort Klapperkop gestasioneer was, is bekend en die uniforms kan uitgestal word.

Proviand bestaan nie net uit uniforms nie, en soos blyk uit navorsingsresultate is ander proviand ook vir die Staatsartillerie bestel wat met vrug gebruik kan word.

**5.ALGEMENE AANBEVELINGS**

1.Daar behoort verdere strukturele ondersoek na die *Keukenkasemat* ingestel te word, sodat bepaal kan word of enige vaste voorwerpe soos 'n stoof of oond in die vertrek was. Dit sou vasgestel kon word deur byvoorbeeld die oorblyfsels van pype. Die restourasiebeleid van die gebou en die terrein sal die verdere optrede bepaal.

2.Die watervoorsiening aan die Fort kan as 'n goeie aansluiting by die *Keukenkasemat* tema dien en behoort nagevors te word.

3.Om meer van die leefwyse by die Fort te wete te kom, sou daar aanbeveel word dat Argeologiese opgrawings by die ashoop (indien dit vasgestel kan word) of by die oorblyfsels van die Britse

[79] G.N.van den Bergh, Die Polisiediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek. (Ongepubliseerde DLitt-verhandeling, PU vir CHO), pp. 872-873.

blokhuis op die terrein gedoen word. 'n Historiese foto wat tydens die Britse besetting by Fort Klapperkop geneem is, toon twee skanse op die dak van die kleiner *kasemat* bo-op die Fort. 'n Nadere ondersoek met die oog op 'n moontlike argeologiese opgrawing, word aanbeveel. 'n Opgrawing kan ook meer inligting oor die eetgewoontes gee waar 'n leemte bestaan.

4.Die verdere verloop van die proses tot die totstandkoming van uitstallings moet in fases plaasvind en konsultasie met al die rolspelers soos die navorsers en die kunstenaars moet met die aanvang plaasvind. ("Prosedure Handleiding") Die fases sluit in:
1.Die keuse van onderwerpe vir die verskillende vertrekke
2.Die uitsoek van gepaste voorwerpe
3.Die verwerking van navorsingsbevindinge in 'n gepaste uitstalformaat.

5.Dit is gebruiklik dat 'n forum van aandeelhouers byeengebring word om sitting in die besluitnemings van die uitstallings te neem. Daar word aanbeveel dat so 'n forum byeengebring word.

6.Navorsing oor die ander vertrekke, naamlik Stal en *Machine* word ook aanbeveel.

7.Die restourasiebeleid moet nagegaan word, veral as ondersoek na die *Keukenkasemat* ondersoek moet word.

**7.UITSTALLINGTEMAS**

***Hospitaalkasemat***

Opsie 1

'n Uitstalling van verskillende mediese voorwerpe wat in die oorlog gebruik is en waarvan die inventarislys van die Tweede Nederlandse Ambulans as riglyn gebruik kan word.

Opsie 2

'n Uitstalling wat op die geneeshere uit die tydperk aan die Staatsartillerie fokus. Die metodiek wat geneeshere gevolg het om by 'n ernstige geval uit te kom, kan byvoorbeeld as onderwerp dien.

Opsie 3

'n Gekombineerde uitstalling wat uit verskillende temas bestaan. 'n Tema wat byvoorbeeld al die feite oor die mediese aangeleenthede aanraak, maar ook 'n tema soos onderwys wat wel 'n rol by die Fort gespeel het. Laasgenoemde kan as 'n wisseluitstalling aangebied word.

Aanbeveling

Opsie een & drie.

***Keukenkasemat***

Opsie 1

'n Uitstalling van gebruiksvoorwerpe soos uit die navorsingsresultate vasgestel is.

Opsie 2

'n Gekombineerde uitstalling van voorwerpe uit *Proviand* en *Keuken.*

Opsie 3

'n Argeologiese uitstalling wat oor die metodiek en resultate van 'n opgrawing handel. 'n MA-studie is reeds by Fort Daspoortrand deur AC van Vollenhoven voltooi.

Aanbeveling

Opsie twee en drie

***Proviandkasemat***
Opsie 1
'n Uitstalling van uniforms

Opsie 2
'n Gekombineerde uitstalling van uniforms wat ander voorwerpe wat deur die *Intendance* hanteer is, uitwys.

Opsie 3
'n Uitstalling oor die uitleg van die Fort en die funksie wat dit met die ander fortifikasies vervul het. In hierdie opsig kan byvoorbeeld na die skietgate, en die valbrug verwys word.

Aanbeveling
Opsie een en drie

**8.BRONNE**
**Ongepubliseerde bronne**

NASIONALE KULTUURHISTORIESE MUSEUM, PRETORIA (NKHM)
Inligtingsleër nommer 13, Uniformaangeleenthede.
TRANSVAALSE ARGIEFBEWAARPLEK (TAB)
Argiefgroep van Publieke Werke (PWD)
PW 72, 1088/03: Militêre aangeleenthede, 1903.
PW 75, 43551/98: Aankoop van oorlosies, 1898.
Argiefgroep van die Kommandant-generaal (KG)
KG 90, CR 981/95: Siekebesoek, Februarie 1895.
KG 126, CR 1987/96: Benodigdhede, 1896.
KG 129, CR 2058/95: Vervoer van siekes, 1895.
KG 203, CR 6418/96: Maatskappy, Julie 1896.
KG 212, CR 271: Veldtelegrafie, Oktober 1899.
KG 213, CR 384: Jaarverslag, 1897.
KG 249, CR 4514/97: Afdelings by Fort Klapperkop, 16 Januarie 1897.
KG 274, CR 593/98: Waens vir ammunisie, 17.2.1898.
KG 275, CR 291: Uitreikings veldtelegrafie, 1898.
KG 275, CR 721/98: Jaarverslag van die Veldartillerie, 19.1.1898.
KG 274, CR 593/98: Vervoer, 15 Februarie 1899.
KG 278, CR 4226/99: Poste, 1 Augustus 1899.
KG 306, CR 7992/99: Maatskappy, 1899.
KG 338, CR 855/99: Oprig van weerafleiers, Februarie 1899.
KG 350, CR 2456/99: HD Warden se salaris, 1899.
KG 366, CR 5083/99: Benodigdhede, September 1899.
Argiefgroep van die Staatsekretaris (SS)
SS 299, R 10408/96: Staatsartillerie, Julie 1896.
SS 189, BR 1185/90: Kaserne, 1890.
SS 300, R 9221/96: Vergoeding, dr Laxton, 1896.
SS 7944, R 9287/99: Aanstellings, Februarie 1899.

Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria
HC 153, HKF 9019: Foto's.

HG: C., Abbott, Someone was to blame. The South African War Diary of Private Walter Abbott 1899-1901), s.j.

Kr 101: J & H van Langenhuysen, De Vreeniging het Nederlandsche Roode Kruis in den Transvaalsch-Engelschen oorlog 1899-1902. 's-Gravenhage, 1901.

Kr 102 (1): Zuster Helemans, Met het Roode Kruis mee in den Boeren-Vrijheidsoorlog. Amsterdam, 1901.

Literatuur

Breytenbach, J.H., Die Slag by Donkerhoek 11-12 Junie 1900. (Ongepubliseerde D Phil-verhandeling, Universteit van Suid-Afrika), Desember 1979.

Friend. D.G., The Staatsartillerie of the ZAR before the Second Anglo-Boer War of 1899-1902. (Ongepubliseerde Hons-skripsie, Universiteit van Pretoria), Julie 1990.

Haupt, D.J., Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse Republiek. (Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria), November 1964.

Pretorius, J.L., Ons Suidafrikaanse Militaire Tradisie. Die Afrikaners als krijgsman, en meer bepaald als Artillerist III. Die Brandwag, 15 Julie 1910.

Pretorius, J.L., Ons Suidafrikaanse Militaire Tradisie. Die Afrikaners als krijgsman, en meer bepaald als Artillerist IV. Die Brandwag, 1 Augustus 1910.

Van den Bergh, Die Polisiediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek. (Ongepubliseerde D Litt-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), Oktober 1972.

Van Vollenhoven, A.C., Die Militêre Fortifikasies van Pretoria 1880-1902 'n Studie in die historiese argeologie. Heiekor, Arcadia: 1995.

Van Vreden, C de W., Pretoria en die Tweede Vryheidsoorlog 11 Oktober 1899 - 5 Junie 1900. (Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria), 29.1.1955.

**Gepubliseerde bronne**

Haythornthwaite, P.J., The Boer War uniform illustrated no 19. New York, 1987.

Ploeger, J., Die reaksie op die Jameson-inval. Die bou van die fort in Johannesburg. Militaria, 3(5), 1972.

Ploeger, J., Klapperkop gister en vandag. Brosjure uitgegee met die opening van die Krygsmuseum, Fort Klapperkop, 1966.

Rosignoli, G.,Army badges and insignia. Book one. London, 1976.

**BYLAAG A**

## STAATSARTILLERIE RANGE [80]

OFFISIERE
Kommandant-generaal
Kolonel
Luitenant-kolonel
Majoor
Kaptein
Luitenant-adjudant
Eerste-luitenant
Tweede-luitenant

ONDEROFFISIERE
Adjudant-onderoffisier
Opperwagmeester
Fourier
Wagmeester
Korporaal

GEEN RANG
Manskap

[80] Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Inligtingsleêr nommer 13, Staatsartillerie uitreksels.

**BYLAAG B**

**LYS VAN OFFISIERE VAN DIE STAATSARTILLERIE** [81]

NaamRangAfdeling
Barnard, JLuitenant (1889)
Baay, WEerste luitenant (1899)Voorrade
Bosman, JJKaptein (1896)Intendance (voorrade)
Carlblom, AEerste luitenantArtillerie
Coetzer
De Comploya, PLuitenant (1889)
De Jager, MJEerste luitenant (1899)Artillerie
Du Toit, HTweede luitenant (1899)Artillerie
Du Toit, MTweede luitenant (1899)Artillerie. In Breda Nederland opgelei
Erasmus,Majoor (1899)
Eloff, S
Grothaus(1891/2)
Gorlich, A(1891/2)
Hoffman, EBEEerste luitenant (1899)Kwartiermeester
Hohls, O(1899)Mediese offisier van gesondheid
Kroon, ThEerste luitenant (1899) Onderwyser
Laxton, TL(1896)Mediese offisier
Maggs, J(1886)Onderwyser
MaggsTweede luitenant (1896)Kapelmeester
Malan, JLTweede luitenant (1898)
Malan, WCTweede luitenat (1899)Artillerie
Mader(1894)Privaat mediese praktisyn
MessumDistriksgeneesheer
Oelofse, NJTweede luitenant (1899)Veldtelegrafie
Paff, PCEerste luitenant (1899)Veldtelegrafie
Pelzer, BHKaptein (1881)
Pretorius, HPNBevelvoerende departement
Pretorius, JLKaptein (1899)Artillerie
Riedl, OBevelvoerende departement
Roos, DLuitenant (1884)
Schiel, ALuitenant (1888)Instrukteur
Schroder, JPLuitenant 1885-90)
Schweizer, CA(1884)Adjudant
Theiler, A(1899)Perde offisier
Townsend, FTweede luitenant (1899)Artillerie
Trichardt, PEBevelvoerende departement
Van Rensburg
Van der Merwe, PJKaptein (1899)Artillerie
Von Wichmann,
Von Klonowski, WLuitenant (1887-9)
Wolmarans, FJ (Frans)Majoor (1899)Artillerie. Opgelei in Breda Nederland
Van der Merwe
Wolmarans, JMAKaptein (1899)Voorrade
Zboril, AKaptein (1887)Adjudant

[81] Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Inligtingsleêr nommer 13, Staatsartillerie uitreksels.

1910,